# ‘Só stroop Steinhoff met groen lig van Reserwebank’

Vrae hang oor die toestemming wat die Reserwebank die afgelope jare aan Steinhoff gegee het om R334 miljard van die groep se bates uit die land uit te neem.

Die bemagtigingsgroep Lancaster 101 het vroeër in Maart ’n aansoek in die hooggeregshof van Pretoria teen die Reserwebank gebring om vier besluite wat sedert 2014 geneem is, te hersien en ter syde te stel.

Lancaster 101 voer aan Steinhoff het met ’n herstrukturering wat sedert 2014 onderneem is die bates uit Suid-Afrika “gestroop”.

Die ander respondente is Lesetja Kganyago, president van die Reserwebank, Steinhoff International Holdings Proprietary Limited (SIHPL) en Steinhoff International Holdings NV (SIHNV).

Steinhoff staan die aansoek teen.

Jayendra Naidoo, ’n direkteur en voorsitter van Lancaster 101, voer in sy funderende eedsverklaring aan plaaslike beleggers in Steinhoff word weens die besluite van die Reserwebank nou wesenlik benadeel in ’n internasionale skikkingsvoorstel.

Volgens hom het die twee Steinhoff-maatskappye saam met ander in die groep in 2014 begin met ’n herstrukturering van hul sake wat tot die uitvloei van ’n wesenlike deel van die groep se Suid-Afrikaanse bates gelei het.

“Die herstrukturering het tot hede Steinhoff se Suid-Afrikaanse bates met sowat €19 miljard (R334 miljard in vandag se wisselkoers) gekrimp.”

Daar is vier besluite van die Reserwebank wat Lancaster 101 vra hersien en ter syde gestel word.

Die eerste drie besluite is in 2014 en 2015 geneem. Die vierde is so onlangs as Desember 2020 geneem.

Wie is Lancaster 101?

Lancaster 101 het in September 2016, net meer as ’n jaar voor die groep se ineenstorting, ’n ooreenkoms gesluit ingevolge waarvan Lancaster 60 miljoen Steinhoff-aandele teen R75,98 per aandeel sou bekom, vir ’n totaal van R4,5 miljard.

Lancaster 101 word as volg besit:

50% deur staatsamptenare se pensioenfonds (GEPF);

25% deur die Lancaster-groep, wat aan Naidoo behoort; en

25% deur die Lancaster-stigting, ’n maatskappy sonder winsbejag wat geskep is om swart entrepreneurs en ondernemings te bevorder.

Lancaster 101 het in 2019 reeds twee regsgedinge in die hooggeregshof in Kaapstad teen Steinhoff gebring.

Die onderneming voer aan die aandeelhouersooreenkoms met Steinhoff moet nietig verklaar word omdat hy op grond van bedrieglike wanvoorstellings oor die maatskappy oortuig is om te belê.

Die gesamentlike vergoeding wat in die twee regsgedinge van Steinhoff geëis word, is R12 miljard (€651 miljoen).

Intussen het Steinhoff in Julie verlede jaar ’n internasionale skikking aan plaaslike en buitelandse eisers voorgestel.



Volgens Naidoo gaan Lancaster 101 ingevolge die voorgestelde skikking ’n wesenlike verlies op sy belegging ly.

Die voorstel sluit in dat Lancaster 101 net geregtig is op ’n kontraktuele eis ten opsigte van 51,5 miljoen SIHNV-aandele en dat altesame R227,5 miljoen (€13 miljoen) aan die onderneming aangebied word.

## Reik skuldbriewe uit

Die herstrukturering wat tussen 2014 en 2016 plaasgevind het, het gelei tot SIHNV wat geskep is en die uitvloei van die bates.

Volgens Lancaster 101 het dit begin met die goedkeuring wat Steinhoff International Holdings Limited (SIHL) – in daardie stadium die uiteindelike Suid-Afrikaanse beheermaatskappy van die groep – op 23 Januarie 2014 van die Reserwebank gekry het om omskepbare skuldbriewe deur sy indirekte Europese filiaal Steinhoff Finance Holdings (SFHG) uit te reik.

’n Omskepbare skuldbrief is ’n rentedraende instrument wat ’n maatskappy uitreik aan beleggers wat aan hom geld leen. Dit kan dan later in aandele omgeskep word.

Die betalingsverpligting ten opsigte van die skuldbriewe is oorspronklik deur SIHL self gewaarborg.

## Reik nog skuldbriewe uit

Op 30 Julie 2015 het Steinhoff aangekondig die Reserwebank het toestemming gegee om deur sy filiaal SFHG nog skuldbriewe uit te reik.

Die totaal van 2014 en 2015 se skuldbriewe het R27,7 miljard beloop.

Die skuldbriewe is ook deur SIHL (wat later ’n naamsverandering na SIHPL gehad het) gewaarborg.

Op 7 Desember 2015 het SIHNV van Nederland al die aandele van SIHL bekom (wat in daardie stadium op die JSE genoteer was). SIHNV het sy hoofnotering op die Frankfurtse-beurs en ’n sekondêre notering op die JSE gekry.

Teen April 2016 is die herstrukturering van Steinhoff bewerkstellig.

Die herstrukturering het tot gevolg gehad dat SIHNV beheer geneem het van Steinhoff-groep se Suid-Afrikaanse en internasionale bates.

SIHNV, wat in Europa opgerig en in Frankfurt en genoteer is, het die groep se Europese bates direk deur SFHG besit en die Suid-Afrikaanse bates indirek deur Steinhoff Investments.

## Bates gestroop

Ten spyte van die oordrag van die bates na Europa, het SIHPL aanspreeklik gebly vir die waarborge wat vir die omskepbare skuldbriewe uitgereik is, met ’n totale waarde van sowat R28 miljard (€1,6 miljard).

“Steinhoff het deur die herstrukturering, wat gefasiliteer is deur die goedkeuring van die Reserwebank, effektiewelik kapitaal en bates uit Suid-Afrika gestroop,” voer Naidoo aan.

## Ongerymdhede met sy boeke

Steinhoff het einde 2017 aangekondig sy jaarstate kan nie uitgereik word nie en ’n forensiese ondersoek oor sy boeke moet uitgevoer word.

’n Oorsig oor die forensiese ondersoek is in Mei 2019 uitgereik wat beduidende korporatiewe transaksiebedrog en finansiële wanvoorstellings oor verskeie jare so ver terug as 2009 getoon het. Talle jare se finansiële state moes hersien word.



SQUIDEYE

Omdat Steinhoff se aandeelprys ineengestort het nadat die ongerymdhede aan die lig gekom het, is verskeie eise en regsgedinge teen die groep in Nederland, Duitsland en Suid-Afrika gebring. Steinhoff het in ’n poging om die eise te skik verlede jaar ’n internasionale skikkingsvoorstel voorgestel.

## Jongste besluit

Naidoo sê as gevolg van die herstrukturering en die finansiële en regsgevolge daarvan, word plaaslike eisers wesenlik benadeel in die voorgestelde skikking.

Hy sê die posisie van Steinhoff se buitelandse krediteure is wesenlik versterk weens die waarborge vir die omskepbare skuldbriewe waarop hulle kan staatmaak.

Die buitelandse krediteure hou effektiewelik beheer van Steinhoff se bates.

Boonop het die Reserwebank so onlangs as Desember ’n besluit goedgekeur wat volgens hom tot die verdere uitvloei van kapitaal en bates uit Suid-Afrika gaan lei en die reeds nadelige posisie waarin plaaslike eisers is, gaan vererger.

Die rede vir die laaste goedkeuring wat gesoek is, is om die skikkingsvoorstel moontlik te maak.

Hy sê die Reserwebank moes voordat die jongste besluit geneem is, die omstandighede oorweeg het waarin die eerste drie besluite geneem is en watter nadele dit vir Steinhoff se Suid-Afrikaanse kapitaalbasis en bates meegebring het.

Toe die Reserwebank die eerste drie besluite geneem het, is wesenlik verkeerde inligting oorweeg, naamlik die jaarstate wat die ware finansiële posisie van Steinhoff wanvoorgestel het.

Hy sê die Reserwebank sou ook nie die waarborge goedgekeur het as hy die ware finansiële posisie van Steinhoff oorweeg het nie, insluitend dat die firma insolvent was.

Volgens hom sou die Reserwebank ook nie die notering oorsee goedgekeur het as die ware finansiële posisie van Steinhoff oorweeg is nie.

“As die Reserwebank bewus was van die wanvoorstellings oor die finansiële posisie van Steinhoff, weens die ongerymdhede met sy boeke, sou die Reserwebank nie die besluite geneem het nie.”

Hy voer aan die Reserwebank het met die jongste besluit nie openbaar beskikbare inligting oorweeg wat “onomwonde demonstreer dat Steinhoff herhaaldelik en doelbewus” die Reserwebank om die bos gelei het nie.

Naidoo sê die Reserwebank se besluite was onwettig, onredelik, irrasioneel en moet ter syde gestel word.


## Lankal insolvent

Die betrokke waarborg wat aan buitelandse skuldbriefhouers gegee is op Suid-Afrikaanse bates, word deur nog ’n aandeelhouer en eiser betwis.

Naidoo verwys na Trevo Capital, wat onlangs ook ’n dringende aansoek in die hooggeregshof in Kaapstad gebring het om die waarborg wat in 2014 uitgereik is, nietig te verklaar.

In die regsgeding maak Trevo staat op die kundige mening van prof. Geoffrey Everingham, wat tot die gevolgtrekking kom dat SIHL al in 2013 en 2014 insolvent was.

“Die waarborge vir dié skuldbriewe, wat deur ’n plaaslike SIHPL-onderneming verskaf is, beloop sowat R27,6 miljard (€1,58 miljard) en gaan die eise van plaaslike beleggers teen Steinhoff benadeel as sulke bedrae betaal word,” sê Naidoo.



“Hoewel daar geen twyfel is nie dat aandeelhouers en krediteure slagoffers is van Steinhoff se opsetlike en bedrieglike saketransaksies en misleiding, is Suid-Afrikaanse eisers buite verhouding benadeel in hul pogings om ’n herstel te kry op grond van hoe die maatskappy se kapitaal en bates landuit geneem is en hoe aanspreeklikhede in die oorsese markte geskep is ten gunste van buitelandse krediteure op grond van besluite van die Reserwebank.”

https://www.netwerk24.com/Sake/Maatskappye/so-stroop-steinhoff-met-groen-lig-van-reserwebank-20210324

SQUIDEYE

